

SONDAGSKOOL LES: Tempel van die Heilige Gees

Doel van les:

- Hierdie week gesels ons oor hoe die Heilige Gees ons help nadat ons Hom ontvang het as wedergebore kinders van God.
- **Ysbreker: Twee bome:** Kies twee kinders wat soos 'n boom gaan staan. Een boom sal die "Goeie boom" en die ander een die "Slegte boom" wees. Knip die goeie en slegte vrugte ingesluit by die les uit en meng dat dit deurmekaar is. Kinders moet so gou as wat hulle kan die stellings plak op die regte "Boom". Kyk watter groep is eerste klaar.

Ons het verlede week gesels oor weer gebore word. Nou weet ons dat die Heilige Gees in ons woon. Maar wat doen Hy nou? Hoe help Hy my as kind van God. Ons gaan bietjie lees in die Bybel oor sekere dinge wat Hy doen in ons lewens. Dalk het jy dit al self ondervind, maar het dit nie so agtergekom nie. Dalk het jy al hierdie veranderinge in jou gesien vandat jy jou hart vir Jesus gegee het.

Groepwerk:

Hoe help die Heilige Gees my nou dat Hy in my woon? (Leiers, lees die gedeeltes kortliks deur met die kinders. Ons gaan volgende week aktiwiteite doen om dit vas te maak vir kinders.)

- Galasiërs 5:22-23 (Die Heilige Gees produseer vrugte in ons wat ons sowel as ander in ons kan sien.)
- Romeine 8:26-27 (Hy help ons om te bid wanneer ons nie weet wat om te bid nie.)
- Johannes 14:26 (Hy help my om meer van God te leer.)
- Efesiërs 3:16-17 (Hy help ons om te groei in ons geloof.)
- Johannes 16:13 (Die Heilige Gees wys dinge vir ons wat onbekeerde mense nie sal van weet of verstaan nie. Selfs toekomstige dinge.)

Die Heilige Gees is healtyd besig met ons om ons te verander om al hoe meer soos Jesus te lyk. Hy wil ons help om die "boom" te wees wat goeie vrugte dra en Jesus se lig te skyn in die donker wêreld. Hy help ons op ons pad as gelowiges. Nadat Jesus vir Sy dissipels vertel het dat Hy hulle binnekort gaan verlaat, het Hy hulle moed ingespraak deur hulle te vertel dat God die Heilige Gees sal stuur om vir ewig by Sy kinders op aarde te wees. (Joh 14:16-17) Hy help ons om die dinge te doen vir God wat ons nie op ons eie kan nie.

Sluit af in groepe met gebed.

GOEIE VRUGTE:

Om vrae te vra oor die Bybel omdat ek nie verstaan nie

Vertrou op God al is ek bekommerd

**Om nie my boetie/sussie te slaan nie al het hulle my goed
"destroy"**

Ander van Jesus te vertel

Sê dankie vir die Here in plaas van om te kla

Help die nuwe meisie/outjie in die skool om vriende te maak

Jesus met my hele hart lief hê

Om te sing tot God met vreugde in my hart

SLEGTE VRUGTE

Kla omdat ek kerk toe moet kom

Baklei by die skool

Om onvriendelik te wees

Om iemand anders se goed so graag te wil hê dat ek dit steel

Jy beter die "remote" nou vir my gee

Om X-Box te speel tot ek blou word

Me! Me! Me! Me! Ek is die belangrikste persoon op die aarde

Kyk die program op televisie wat my ouers nie wil hê ek moet kyk nie

